Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2017

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRHL1*

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: Leesbegrip | (30) |
   | AFDELING B: Opsomming | (10) |
   | AFDELING C: Taal | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

5. Trek ʼn streep ná elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

## NOSTALGIE

*Enige landskap is 'n toestand van die siel – Henri Frederic Amiel*

1 Een van die gewildste rubriekskrywers in ons tyd is ongetwyfeld Dana Snyman. Daar is min rubriekskrywers in Afrikaans wat dit kan regkry om lesers só emosioneel te betrek as Snyman. Hy slaag telkens daarin om (veral dalk 'n sekere generasie Afrikaanse) lesers deur sy besonder sterk sintuiglike beskrywings van vervloë dae emosioneel te roer.

2 Deur die noem van enkele handelsname (Valiant, Datsun, 'n Tempest radio) of 'n reuk (politoer, vars brood, pannekoek) of klanke (Jim Reeves, Robin Alexander se deurnagprogram) of deur die verwysing na volkstradisies (huisgodsdiens, Kersdienste, basaars) of deur die noem van 'n kenmerkende periodestyl (haarstyl, kleredrag, *ducktails*) slaag hy telkens daarin om 'n vergange era nie bloot op te roep nie, maar om die leser as't ware in 'n ander era te plaas, sodat die leser dit nóú kan ruik, hoor en proe. Hierdie herinneringe aan 'n vorige era, 'n ander tydperk, word in skerp kontras teenoor die hede gestel.

3 Teenoor die herinneringsknoppies wat Snyman so bedrewe kan druk om 'n bekende verlede by die leser op te roep – saam met die bekendheid 'n gevoel van vreedsaamheid, heelheid, geborgenheid, eenvoud en verstaanbaarheid – word die hede as 'n tyd wat deurmekaar is, 'n tydperk van anargie en ingewikkeldheid, van konflik en konfrontasie ervaar. Mense in leiersposisies kan nie vertrou word nie en daar is voortdurende konflik en agterdog tussen mense van verskillende rasse en klasse en geslagte. Die hede word as ingewikkeld en onseker ervaar. Mense weet nie hoe hulle behoort op te tree nie – nie teenoor hul eie verlede, hul ouers en hul eie mense se tradisies nie en ook nie teenoor ander mense met ander tradisies nie.

4 Deesdae is identiteit ingewikkeld weens skuldgevoelens en talle onsekerhede en ontmaskerde leuens oor godsdiens, tradisionele gebruike en politieke assosiasies. Hierteenoor word 'n vervloë era opgetower toe al hierdie goed nog eenvoudig was; toe alles verstaanbaar was. Hierdie teenwoordigstelling van 'n vergange era van eenvoud en die kontrastering daarvan met 'n ingewikkelde en onaangename hede, word nostalgie genoem. In Grieks dui die woord nostalgie op 'n pynlike verlange na die huis. Die groot probleem van nostalgie is dat dit nie soseer 'n verlange na 'n huis, na 'n plek, is nie. Baie mense ondervind dat 'n terugkeer na die plek van hul geboorte, hul huis, meestal teleurstellend is, omdat die plek nie meer dieselfde is as wat hulle dit onthou het nie. Eers dan besef jy dat jy eintlik nie na 'n plek verlang het nie, maar na 'n tyd.

5 Daarom is die "huis" waarna jy verlang, altyd onbereikbaar. Tydreise bestaan slegs in fiksie. Nostalgie is eintlik ŉ reaksie op die hede, eerder as wat dit bloot die onthou van die verlede is. Die verlede word immers op ŉ baie spesifieke manier onthou – baie onaangename aspekte word vergeet sodat ŉ ideale verlede onthou word. Nostalgie het ŉ kragtige werking juis omdat dit die leser emosioneel by die verlore (ideale) verlede betrokke kry en terselfdertyd ŉ emosionele weerstand teen die deurmekaarhede wek.

6 Hierdie kragtige wapen, nostalgie, kan deur enigeen ingespan word, ongeag politieke oortuiging. Sommige oudstruggle-lede verlang na die goeie ou dae van die stryd teen apartheid toe almal so lekker saamgewerk het. Ander verlang weer na die dae toe hulle met oop deure kon slaap. Hierdie herinneringe is natuurlik telkens selektief en sê eintlik meer oor ŉ onvergenoegdheid met huidige tweespalt en onveiligheid.

7 Die gewildheid van reistydskrifte, van 4x4-safari's en van groeiende wilds-plase dui ook op ŉ soort nostalgie. Kyk gerus hoe die advertensies en artikels lesers laat verlang na ŉ era toe Afrika nog ŉ wilde, leë en eenvoudige plek was – onbegrens en vol wilde diere wat vrylik getrek het. Nostalgie kan gevaarlik wees, juis omdat dit so ŉ kragtige oproep maak, ŉ mens behoort krities na ŉ land-van-melk-en-heuning te kyk wat aanloklik lyk vir mense wie se huidige situasie as ŉ posisie van onreg en miskenning aan hulle voor-gehou word.

8 Ons het ŉ diep behoefte aan ŉ sin vir identiteit en om te behoort. Die landskap waarin ons grootgeword het, gely of ons grootste sukses behaal het, vorm dikwels ons nostalgiese bande met ander. <u>Landskappe is ŉ lewende skakel tussen wie ons was en dit wat ons geword het.</u> Al die seer en vreugde en waansin en hoop van grootword lê in ŉ plek soms so ver verwyder van waar ons nou is. En ons bloed verlang terug. Vandaar die verskrikking as ŉ bekende en geliefde landskap tot iets onherkenbaar verander of vernietig word. 'Huis toe gaan" is dikwels geweldig kompleks en die proses daarvan lei nie noodwendig terug na dit wat jou hart onthou nie.

[Aangepas uit: *www.vrouekeur.co.za* en *Taalgenoot Herfs 2015*]

1.1 Verduidelik waarom die rubriekskrywer, Dana Snyman, volgens paragraaf 1 so gewild is. (2)

1.2 Noem enige DRIE wyses hoe Dana Snyman daarin slaag om die leser na ŉ ander tydperk te verplaas. (3)

1.3 Wat is die oorsaak van die heersende wantroue onder mense, asook die gevolge hiervan? (3)

1.4 Wat is die dilemma waarmee mense dus nou sit volgens paragraaf 3? (1)

1.5 Waarom is die vorming van identiteit problematies? (4)

1.6 Tot watter slotsom kom die skrywer in paragraaf 4 oor wat die werklike betekenis van nostalgie is? (1)

1.7 Waarom is nostalgie nie realisties nie en waarom word daar gepraat van selektiewe onthou/herinneringe? (2)

1.8 Nostalgie kan ook as gevaarlik beskou word. Verduidelik. (1)

1.9 Watter rol speel reistydskrifte in die skep van nostalgie by die leser? (1)

1.10 Stem jy saam met die skrywer se standpunt in die laaste sin van paragraaf 7? Motiveer jou antwoord. (2)

1.11 Wat volgens paragraaf 8 beïnvloed ons nostalgiese bande met ander mense? (1)

1.12 Verduidelik die geïmpliseerde betekenis van die onderstreepte sin in paragraaf 8. (1)

1.13 Hoe hou die titel en die subopskrif verband met die teks? (2)

**EN**

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Aangepas uit: *Die Burger,* 17 Mei 2012]

1.14 Watter verband is daar tussen paragraaf 3 van TEKS A en die man se woorde in TEKS B? (2)

1.15 Watter gevoel ervaar die seun in die spotprent en waarom is die volwassene se woorde nie geloofwaardig nie? (3)

1.16 Wat is die impak van die gebruik van die vetgedrukte woord? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die onderstaande teks en maak ŉ opsomming van **SEWE PROBLEME wat daartoe kan lei dat kinders laat ontwikkelaars word.**

**LET WEL:**
- Jou opsomming moet in jou eie woorde in ŉ duidelike, sinvolle **paragraaf** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Moenie jou opsomming ŉ titel gee nie.
- Dui die **getal woorde** wat jy gebruik het, aan.

### TEKS C: ARTIKEL

**SUKSES IN DIE LEWE HANG NIE BLOOT AF VAN SKOOLPRESTASIE NIE**

Kinders se skoolprestasie is soms vir ouers ŉ bron van kommer wat tot slapelose nagte en versuurde verhoudings lei. Maar slaap gerus. Alle blomme blom nie in die lente nie.

Leerprobleme is ŉ duidelike bepaler dat kinders sukkel met lees, skryf of sekere kognitiewe vaardighede wat nog nie goed ontwikkel is nie. Ontwikkeling word ook gestrem deur ŉ lae selfbeeld. Emosionele probleme veroorsaak ŉ tekort aan selfvertroue, angstigheid, selfs depressie en kan leerders se ontwikkeling strem.

Onderontwikkelde vaardighede beperk kinders se aanpassing en inskakeling en soms word hulle ook geboelie. Sosiale probleme kan lei tot onderontwikkelde vaardighede wat kinders se aanpassing en inskakeling beperk en soms word hulle ook geboelie. Huislike probleme en armoede manifesteer in gebrekkige stimulasie en sulke leerders se kans om as laat ontwikkelaars identifiseer te word, is baie hoër as ander leerders s'n.

Aandag-afleibaarheid en hiperaktiwiteit is verdere tekens. Die frontale lob in die brein wat hierdie dinge reguleer, ontwikkel soms nog tot in die vroeë twintigerjare. Dit sluit sekere uitvoerende funksies soos impulsbeheer, konsentrasie, beplanning, aktivering, organisering en prioritisering in wat dan nog onderontwikkel is.

Hierdie leerders ervaar skoolwerk as vervelig en oninteressant en hulle kan dit nog nie as relevant vir hul toekoms beleef nie. Hulle kom ongemotiveerd jeens skoolwerk voor. Sulke negatiewe skoolervarings laat dikwels die leerders en ouers moedeloos. Albert Einstein kon eers op vier praat, op sewe kon hy beswaarlik lees. Sy ouers het gedink hy is verstandelik gestrem en antisosiaal. Hy is geskors, het graad 11 herhaal en is toelating tot Zürich se politegniese skool geweier. Desondanks het hy die wêreld se verstaan van fisika in ŉ ander baan geplaas en is met ŉ Nobelprys vir sy bydrae bekroon.

Leerders wat ŉ onvoldoende sin vir verantwoordelikheid toon, ervaar nog nie verantwoordelikheid vir hulle eie studie, besluite en lewe nie. Hulle dra nie werklik die gevolge van hul optrede nie aangesien hul ouers verantwoordelikheid neem en hulle beskerm teen die gevolge.

Die gemeenskap het dikwels beperkende verwagtinge en persepsies van mense se ontwikkeling en sukses. Uitstekende skoolpunte is nie noodwendig ŉ voorvereiste of waarborg vir ŉ suksesvolle toekoms nie. Baie mense wat swak op skool gevaar het, of aan die begin van verdere studie of ŉ loopbaan gesukkel het, het later groot sukses van hul lewe en loopbane gemaak.

[Verwerk uit: *rooi rose,* Junie 2016]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 3

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS D: ADVERTENSIE



1 **Kleure maak groot spronge op Ektachrome-film.**

2 Vang die aksie vas in opwindende kleur op Ektachrome-film.
3 Beskikbaar in 150, 125 en 64 ASA.
4 Die (snel + werk) emulsies reageer goed in wisselende ligtoestande.
5 Probeer Ektachrome-film.
6 Dit bied **geweldige** veelsydigheid met minimale korrelrigheid.

7 Kodak-kiekies: beslis lewenslange herinneringe.

8 Kodak-film
9 Daar is net een film
10 Vir die tye van jou lewe

Kodak

[Aangepas uit: *Huisgenoot,* 2 Julie 1976]

3.1 Wie is die teikenmark van hierdie advertensie? (1)

3.2 Dink jy die visuele voorstelling pas by die woorde in reël 1–2? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3 Word die woorde in reël 1 denotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

3.4 Gee die korrekte teenwoordige deelwoord tussen hakies in reël 4. (1)

3.5 Skryf die sin in reël 5 in die ontkennende wyse oor. (1)

3.6 Verander die vetgedrukte emotiewe woord in reël 6 na ŉ meer neutrale woord. (1)

3.7 Skryf die sin in reël 6 as ŉ vraagsin oor. (1)

3.8 Wat is die funksie van die dubbelpunt in reël 7? (1)


3.9 Waarom is reël 9 ŉ voorbeeld van partydigheid? (1)

3.10 Verduidelik hoe die leser gemanipuleer word deur na reël 10 te verwys. (1)
**[10]**

## VRAAG 4

Die onderstaande vrae is op die strokies gebaseer:

### TEKS E: STROKIES




[Aangepas uit: *Huisgenoot, 2 Julie 1976*]

4.1 Herskryf die eerste sin in raampie 1 en voeg die ontbrekende leesteken in. (1)

4.2 Identifiseer die eerste diftong in die eerste sin van die passasier in raampie 1 en onderstreep die diftong. (1)

4.3 Gee ŉ gepaste sinoniem vir die onderstreepte woord in raampie 1. (1)

4.4 Verander die eerste sin in raampie 4 na die indirekte rede. (1)

4.5 Herskryf die tweede sin in raampie 4 deur ŉ bywoordelike bepaling by te voeg. (1)

4.6 Waaruit kan ons in raampie 4 aflei dat die passasier baie kwaad is? (1)

4.7 Waarom kom daar woordoortolligheid/pleonasme voor in die eerste sin van raampie 6? (1)

4.8 Identifiseer die infinitief in die tweede sin van die passasier in raampie 6. (1)

4.9 Gee die vergrotende trap van die onderstreepte woord in raampie 7. (1)

4.10 Verduidelik die ironie van die laaste kondukteur se woorde in raampie 7. (1)
**[10]**

**VRAAG 5**

Beantwoord die vrae wat op die teks gebaseer is.

**TEKS F: ARTIKEL**

## KAALKOP

1 Geen mens is so slim dat hy uit die vuis (5.1) berge kan versit nie. Alles kort ŉ struktuur, ŉ begin en ŉ eindpunt.

2 Dis ŉ uiters edele daad om ŉ dagboek te hou. Ek gryp ŉ potlood en skryf: BAADJIE. Ek is dadelik opgewonde en gerus. Hierdie is my toorboek, elke ding wat ek hier neerskryf, word (5.2) uiteindelik waar, ongeag hoe verregaande die idee, hoe onmoontlik die doelwit. As dit eers geskryf is, is die proses aan die gang. Ek weet nie hoe dit werk nie, dit het niks te doen met (5.3) visualisering of die wet van aantrekking of die mag van positiewe denke nie. Dit beteken net dit sal eendag myne wees, al doen ek honderd ekstra konserte of verkoop eiendom of die winkelier word mal en reël ŉ uitverkoping.

3 Daar is dié wat glo dis verkeerd om te begeer. En moontlik stem ek saam, want begeer beteken stilsit en wens. Maar om te werk vir iets is ŉ heel ander storie. En ek werk vir alles, ek moet dit net eers neerskryf onderaan op my lysie, dis hoe ek begin.

4 Dis ŉ fantastiese oomblik elke dag wanneer ek my lysie maak. En ŉ wonderlike gevoel die volgende dag as ek ŉ streep kan trek deur ŉ voltooide opdrag. Tevrede en (5.6) __ dreef. Sommige mag dink dis simpel, maar dis vordering. (5.7) Dis die klein steentjies wat die kasteel moet bou.

5 Ek kry nerens leesstof oor die sielkunde van lysies nie, maar daar moet so iets wees. Die maak van lysies, die versamel van lysies. Ek dink dit kan die wêreld red. Gee elke (5.9) (gesag + hê) ŉ potlood en papier, laat hom neerskryf, laat hom lees. (5.10) Trek dood wat verby is, vee uit wat onnodig is.

[Verwerk uit: *SARIE* – Julie 2011]

5.1 Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 1? (1)

5.2 Gee die antoniem vir die onderstreepte woord in paragraaf 2. (1)

5.3 Skryf die basis/stam van die onderstreepte woord neer. (1)

5.4 Identifiseer die woord in paragraaf 3 wat op waarskynlikheid dui. (1)

5.5 Skryf die woord wat kontras aandui in paragraaf 3 neer. (1)

5.6 Voltooi die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 4. (1)

5.7 Is die onderstreepte sin in paragraaf 4 ŉ voorbeeld van ŉ enkelvoudige of ŉ saamgestelde sin? (1)

5.8 Paragraaf 5 bevat ŉ spelfout. Korrigeer en skryf dit neer. (1)

5.9 Vorm ŉ persoonsnaam van die woorde tussen hakies. (1)

5.10 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 5 in die lydende vorm. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou